



# DIE OLIELAMP

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

## APRIL - PAASFEES

Dit is 'n maand vol dinge. Vakansie en vakansiedae is volop, ook mag ons weer paasfees vier. Die tyd waarin die Here Jesus gekruisig, gesterf het en begrawe is, asook die opstandingsondag mog ons in ons gemeentes vier. Die dae wat soveel beteken in ons Christelike lewe.

Staan ons dan wel stil by ons eie lewe? Om die Here te dank vir die voorreg en die vermoë om te kan studeer en werk? Pleit ons by Hom vir konsentrasie en toewyding; selftug en dissipline; gehoorsaamheid en inspanning; hoë ideale en edele doelstellings?

Prediker 11:9 sê: *“Verbly jou, o jongeling, in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid; en wandel in die weë van jou hart en in die aanskouing van jou oë; maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring”.*


Bewaar my Here van onverantwoordelikheid en traagheid; beginselloosheid en wispelturigheid; kort-sigtigheid en sorgeloosheid; van ontmoediging as dinge moeilik word; van onnodige foute en mistastings wat ek kon vermy het.

Leer my deur u Gees die noodsaaklikheid van goeie fondamente; van inspanning om dit te verwerf wat die moeite werd is; van bereidheid tot volharding en deursettingsvermoë om sukses te behaal.

Laat ons besef ons lewe is in U hande, vandag, môre, en elke dag van my lewe. Laat ons dit bid alles in die Naam van ons Verlosser en Saligmaker.

So kan ons met nuwe ywer en lus die volgende kwartaal ingaan.

Namens die Kaapse redaksie  
Carina van Alten



### INHOUD

April - Paasfees	1	In die wêreld, nie van die wêreld nie	9
<b>Uit die woord</b>	<b>2</b>	<b>Sosiaal</b>	<b>9</b>
Die sesde gebod – “Jy mag nie doodslaan nie”	2	Deur die sleutelgat	9
Vierde bede: “Gee ons vandag ons daaglikse brood”	3	Voetspore	10
Die ydelheid van die mens	3		
<b>Oppad</b>	<b>4</b>	<b>Boeke</b>	<b>11</b>
’n Brief oor rykdom aan medegelowiges	4	By die lêplek van die leeus ~ Louise Prinsloo	11
Is ek ‘beter’ as my naaste?	6	<b>Nog iets</b>	<b>11</b>
Ons gebed	6	Gedig: Dank God vir alles wat Hy gee	12
		Verjaarsdae	12
<b>Voel jy ook so?</b>	<b>7</b>		
Christus in die hoogeregshof	7		

## DIE SESDE GEBOD – “JY MAG NIE DOODSLAAN NIE”

Willemien Ros

God het lewe aan die mens geskenk. Die lewe is 'n skeppingsgawe van Hom, ons is geskep na sy beeld. As Profeet, Priester en Koning het Hy vir ons 'n vol, ryk lewe gegee. Hierdie lewe beskerm Hy met die inhoud van die sesde gebod.

Deur die sondeval is die harmonie wat God tussen menseverhoudinge geskep het, versteur. Satan het tot die mens gekom met die plan om hom in die ewige dood te stort en God se beeld, die lewe van die mens te vernietig. Ons sien voorbeelde in die Bybel: Kaïn vermoor sy broer Abel, Herodus vermoor die kindertjies van Betlehem. Satan se werk word deur die mens voortgesit. Van hoeveel moord en doodslag hoor ons vandag nie ook oor die radio en televisie nie. Dit lyk of die duiwel triomfeer.

Die lewe is nie slegs liggaamlik nie, maar ook

### Redaksies:

#### Pretoria:

Redakteur: Karina Smit - karina\_s@freemail.absa.co.za  
 Sekretaresse: Tanya de Vente  
 Lede: Wilma Lubbinge  
 Chris Stolper  
 Arjan van Houweligen

#### Maranata:

Redaktrise: Cora Visser - jrvisser@global.co.za  
 Penningmeester: Daniël van der Meulen  
 Sekretaresse: Marie Louise van den Bout  
 Lede: Cornelia Kerkhoff  
 Frans Hagg  
 Johan de Vente

#### Kaapstad:

Redaktrise: Carina van Alten - carinavalten@mweb.co.za  
 Artikelversorging: Corrien Geleynse  
 Jaco Haak  
 Sekretaresse: Clara van der Vinne  
 Finansies: Albert Drijfhout

#### Kontakpersone:

Johannesburg: Marietjie Bijker  
 Bethal: Eugene du Preez

#### Administrasie & uitleg:

Willemien Kleijn - willy\_k@freemail.absa.co.za  
 Gerhard Bijker - gerh@rd.co.za

Ons hoop om *Die Olielamp* 9 keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende Internet adres:

<http://www.vgk.org.za/olielamp/>

Koste: R45.00 per jaar

geestelik. Daarom mag ons ook nie ons naaste onteer, haat, kwes of in 'n woedevlaag teen hulle uitvaar nie. Ons lees in 1 Johannes 2:11: *Maar hy wat sy broeder haat, is in die duisternis en wandel in die duisternis en weet nie waarheen hy gaan nie, omdat die duisternis sy oë verblind het.*

In Jakobus 1:20: *Want die toorn van die man bewerk nie die geregtigheid voor God nie.* En in Mattheüs 5:21-22: *Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie doodslaan nie, maar elkeen wat doodslaan, moet verantwoording doen voor die gereg. Maar ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê: “Raka”, moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê: “Jou dwaas!” moet verantwoording doen in die helse vuur.*

Die gebod gaan selfs sover om ons te gebied om goed te doen aan ons vyande. Exodus 23:4-5: *As jy jou vyand se bees of esel teëkom wat ronddwaal, moet jy dit sekerlik vir hom terugbring. As jy jou vyand se esel onder sy pak sien lê, moet jy dit nie onverskillig aan hom oorlaat nie: jy moet dit sekerlik saam met hom aflaai.*

Deur Christus het ook die owerheid 'n taak gekry om die lewe te beskerm. In Exodus 21:14 lees ons: *Maar as iemand moedswillig teen sy naaste handel, om hom met lis dood te maak, moet jy hom van my altaar af wegneem, om te sterwe.* En in Romeine 13:4: *...want hy is 'n dienaar van God, jou ten goede. Maar as jy kwaad doen, vrees dan; want hy dra die swaard nie verniet nie, want hy is 'n dienaar van God, 'n wreker om die een wat kwaad doen, te straf. Sodoende word die lewens van vele ander mense wat bedreig word deur moordenaars en kwaaddoeners, beskerm.*

Behalwe dat die gebod ons afguns, haat en woede verbied, word ons ook gebied om ons naaste lief te hê soos onself. Romeine 12:10: *...wees hartlik teenoor mekaar met broederlike liefde; die een moet die ander voorgaan in eerbetoning.*

Laat ons nou die vervulling van die gebod laat begin in ons kerk, deur mekaar met liefde en respek te behandel. So sal 'n mens die volle waarde van die lewe wat God aan ons gegee het, raaksien.

Bronne: *Aantekeninge bij de Heidelbergse Catechismus* deur J. van Bruggen *Het eigendom des Heren* deur Ds. J.G. Feenstra.

# VIERDE BEDE: “GEE ONS VANDAG ONS DAAGLIKSE BROOD”

Floris Visser

In die vorige artikels het ons na die eerste drie bedes gekyk. In hierdie bedes het ons elke keer na God gekyk. Ons het gevra dat sy Naam geheilig mag word, dat Sy Koninkryk mag kom en dat Sy wil mag geskied. Nou kom ons in hierdie bede by onself uit, ons vra hier dan om ons daaglikse brood. Dit is ook hoe dit behoort te wees. As dit nie so was nie, sou dit nie 'n volmaakte gebed wees nie, want ons moet as mense tog alles van die Here verwag. Dus moet ons ook vir ons eie behoeftes bid. Die volmaakte gebed moet egter wel met die Here begin, dit moet begin met wat Hy wil hê en wat vir Hom goed is. Ons moet dus eers ons afhanklikheid van die Here bely.

Ons vra vir die Here: *gee ons vandag ons daaglikse brood*. Ons eis hier nie van die Here nie, maar ons leer hier om, hoe ryk ons ookal is, ons hande na die hemel op te hou en vir die Here te vra vir ons brood. Ons praat hier egter ook van *ons*. Hoekom sou ons dit doen? As ons sou bid: Gee my vandag... Sou dit 'n egoïstiese gebed wees. Ons vra hier vir die gemeenskap se behoeftes, ons is mos almal een in Christus. Ons vra egter ook net om vandag se brood. Ons vra dus net vir wat nodig is vir vandag. Jesus leer ons hier dus om dag vir dag te lewe. Ons moet op die Here vertrou dat ons ook die volgende dag weer ons voedsel uit sy hand sal ontvang en dat Hy vir ons sal bly sorg. Hier vra ons ook vir *ons brood*. Is die brood waarvoor ons vra dan nie van die Here nie, want ons weet tog dat alles van die Here is en dat ons alles uit Sy hand ontvang?

Ons moet hier egter weer beseft dat ons kinders van Hom is en dat ons dus nie as bedelaars na Hom toe hoef te kom nie. By ons ouers tuis hoef ons tog ook nie as bedelaars vir kos en inwoning te kom vra nie? Daar vra ons tog ook nie of ons van ons ouers se kos mag eet nie? Die Here is ons Vader en 'n nog baie beter Vader as wat ons aardse ouers vir ons kan wees. Die brood waarvoor ons vra beteken nie letterlik dat ons net vir droë brood vra nie. Jesus leer ons egter wel dat ons met die geringste tevrede moet

wees en dat ons nie altyd in welvaart hoef te leef nie, want God kan dalk moeilike tye op ons pad plaas.

Moet ons hierdie gebed dan ook bid as ons kaste goed gevul is en my pa 'n goeie werk het? Ons het mos ons daaglikse brood? Hierdie gebed is dan tog onnodig? Nee, dit is nie so nie en ook hier is die Kategismus dan ook baie duidelik as ons in Sondag 50 lees “...en dat al ons sorg en arbeid en ook u



gawes sonder u seën ons niks kan baat nie. Gee daarom dat ons ons van alle skepsels aftrek en op U alleen stel”. Ons sien hier dus dat ons, ook al het ons genoeg, nog steeds hierdie bede moet bid. Ons wys deur hierdie gebed dat ons afhanklik van Hom is, want ook dit wat ons al van Hom gekry het, kan ons nie baat as sy seën nie daarop rus nie. Met hierdie bede verheerlik ons dan eintlik Sy Naam, want Hy het ons klaar ons voedsel gegee sonder dat ons daarom gevra het en ons ook nog 'n oorvloed gegee.

Ons bely hier ook dat ons ons vertrou alleen op God moet stel en van alle ander skepsels moet aftrek. As dit moeilik gaan en alles raak duurder, begin ons baie keer ons hoop op mense en op die reën en son ens. stel. Dit is 'n menslike ding, maar tog moet ons dan ook weer onthou om op die Here te vertrou dat Hy ons sal voorsien van ons behoeftes. En as ons dan met 'n bietjie minder moet regkom, moet ons nie sê dat die Here ons nie seën en nie met ons is nie, want ook dan bly Hy by Sy kinders. Ons kan dan uitsien na die belofte wat ons kry dat ons na hierdie lewe geen sorg meer het nie.

Laat ons dan ook met volle vertrou en verwagting hierdie bede bid.

---

## DIE YDELHEID VAN DIE MENS

Alfred Haak

Lees Handeling 17:1-14

Paulus was uiters onpopulêr by die meeste mense van sy tyd. Is dit nie maar altyd so met iemand wat baie suksesvol is nie? Die groen monster genaamd

Jaloesie is 'n lelike ding. Die mense wat teen Paulus en sy geesgenote optree, het egter nog 'n veel erger eienskap as dit. Hulle handeling draai alles om

mense se behoefte aan mag en eer, met ander woorde ydelheid.

Wanneer die Jode sien dat Paulus en Silas meer aanhangers het as hulle, bring hulle die stad in opstand teen Paulus. As hulle gaan om Paulus-hulle te arresteer, is hulle nie tuis nie en net hul gasheer is daar. Die Jode is vasberade om hul woede op iemand uit te haal en daarom neem hulle maar vir Jason na die stadsraad.

Die Jode is baie listig. Wanneer hulle vir Paulus en ook vir Jason aankla, sê hulle nie dat die prediking hulle pla nie, maar dat dit hul naam én die van die keiser skade aan doen. Die oortreding waarvan die Jode hulle verwyf, is dan ook met die dood strafbaar. Hulle sê Paulus het vir almal verkondig dat daar 'n ander koning as die keiser is.

Die Jode speel dus hier met die stadsraad se hebsug na mag. As dit wat die Jode sê waar is, beteken dit dat Paulus besig is om die gesag van die keiser en, meer belangrik, hul gesag te ondermyn. Vir hulle gaan die lewe net om 'n naam vir hulself maak. Al wat vir hulle saak maak is dat hulle die regte "image" uitstraal.



As Christene behoort ons egter glad nie besig te wees om mense te probeer beïndruk nie. Ons glo tog immers dat ons hier op aarde geplaas is om God te verheerlik en nie onself nie. Genesis 1:27 sê: "En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape..." Daarom behoort heidene aan ons te kan sien dat ons anders is. 'n Bekende Engelse idioom lui "like father, like son" wat beteken dat kinders na hul ouers aard. Op so 'n wyse behoort mense te kan sien dat ons kinders van God is. Adam en Eva het nog die voorreg gehad om 'n weerspieëling van God te wees. In die manier waarop hulle in die paradys geregeer het, kan 'n mens iets sien van hoe God regeer en van Sy grootheid. Ongelukkig het dit baie moeilik vir ons geword na die sondeval. Ons sonde maak dit vir ons baie moeilik om God se beeld te weerspieël.

As ons egter weer gebore word deur die Gees en uit dankbaarheid vir God lewe, sal ons die vrugte van die Gees vertoon. As ons vergeet van ons eie eer en God eerste stel in ons lewens; dan sal mense weer God in ons lewens kan raak sien.

*Oppad*

## 'N BRIEF OOR RYKDOM AAN MEDEGELOWIGES

Wilma Lubbinge

Hallo daar!

In my derde jaar het ons bietjie sielkunde geleer. Die dosent het ons al die verskillende teorieë geleer van die verskillende stelsels in ons samelewing. Een van die belangrikste komponente in 'n stelsel is wie of wat in beheer is. En dit is so dat na die sondeval die mens om die verkeerde redes beheer en mag soek. Geld is mag. Dit sien ons elke dag in ons samelewing. Dink maar daaraan hoe 'onmagtig' jy sal wees as jy winkel toe gaan om iets te koop maar jy het nie geld nie. Die mense sal dink jy is laf. So is ons hande afgekap in ons finansiële samelewing as ons geen geld het nie. 'n Honderd jaar terug kon ruilhandel nog gewerk het, maar vandag is geld die ruilmiddel. (Net vir interessantheid: Het jy geweet dat aartappels soos



geld gebruik is op die eiland St. Helena? Selfs nou nog is geld nie so belangrik vir hulle nie.)

So, ons het geld nodig. Geld help dat ons 'n makliker lewe kan lei. Ons het geld selfs broodnodig!

Maar daar trap soveel mense in die valstrik van geld. Ons dink dat geld geluk kan koop. Of respek of selfbeeld. Dan kom ons by die groot vraag: Waarom wil ons ryk wees?

### Maar voor dit: Wat is rykdom?

Elke volk het verskillende maatstawwe om rykdom te meet. Ons weet dat sekere swart volke rykdom in beeste meet. Of hoeveel seuns jy het.

Ons as Christene vind rykdom in God. Maar ons het nog steeds geld nodig. Ons moet kos koop, 'n huis, 'n kar, die kinders moet skool en universiteit toe gaan, ons moet VVB betaal. Soms voel 'n mens so magteloos en selfs bang as jy nie

genoeg geld het om die maand se onkoste te dek nie. Of as ons dié spesifieke iets wil koop maar ons het nie geld daarvoor nie.

En dít is waar die rede vir rykdom inkom. Ons wil ryk wees omdat dit ons vryheid gee om te doen wat ons wil en te koop wat ons wil. Ons wil nie meer aan bande gelê word deur te min geld nie. Veral mense wat in armoede groot geword het, wil graag ryk wees omdat dit sekuriteit koop. Dink net hoe erg moet dit wees as jy nie eens weet waar die volgende maaltyd vandaan gaan kom nie.


Ons wil dus ryk wees vir die volgende redes:

- Dit gee vryheid
- Dit gee sekuriteit
- Dit is lekker
- 'Mense met geld lyk altyd of hulle gelukkiger is as mense sonder geld'.

Het jy gesien wat gebeur? Die vertroue op God het verskuif na vertroue op geld.

*Wie op sy rykdom vertrou, dié sal val; maar die regverdige sal soos blare uitspruit. (Spreekte 11:28)*

Psalm 49 wys duidelik hoe die mens geld 'n afgod maak. Maar laat ek jou nog iets vertel. Ons stel geld gelyk aan sukses! As jy suksesvol is in die lewe, sal dit in geld wys ... so dink ons. Maar dit is ongelukkig (of gelukkig) nie so nie. Jy kan in 'n gelukkige gesin wees, maar daar is geen geld in oorfloed nie. Jy kan suksesvol wees in jou beroep, maar jou beloning is nie geld nie, maar werksbevreëdiging.



So, geld is nie gelyk aan sukses nie! Sukses is belangriker as geld. Want geld verloor sy glans in die lig van mislukking. Dit hou jou net so 'n rukkie tevrede en dan raak jy weer bewus van die leemte in jou lewe.

### **Wat sê die Bybel?**

Gelukkig is die mens wat wysheid gevind het, en die mens wat verstand gekry het; want die verkryging daarvan is beter as van silwer; en die verwerwing daarvan beter as van goud; dit is kosteliker as korale, en al jou kleinode kan daar nie mee vergelyk word nie. (Spreekte 3:13-16)

Rykdom is nie 'n sonde nie. Maar geld kan jou grootste versoeking word. Lees maar 2 Kronieke 18:1 – *En toe Josafat rykdom en eer in oorfloed gehad het, het hy hom verswaer aan Agab.* Dit was die begin van Josafat se afval van God.

In 1 Konings 3:11 vra Salomo God vir wysheid in sy droom en kry daarom van God ook rykdom en vrede tydens sy regering.

God seën van sy kinders met rykdom: Psalm 112.  
God gee aan Abram rykdom: Genesis 12:2.

Sien jy dat die mens nie homself kan ryk maak nie, maar dat God jou daarmee seën of selfs beproef. God bly in beheer.

Om te strewe na genoeg geld is dus nie altyd verkeerd nie, maar maak seker van jou motiewe. En wees bewus van die gevare wat daarin skuil. Dink maar aan die ryk jong man wat nie al sy besittings wou verkoop en Jesus volg nie - Lukas 18:18-30.

Of die gelykenis van die ryk dwaas - Lukas 12:13-21.

Party mense soek nie spesifiek na rykdom nie, bv. iemand voel regtig geroepe om 'n dokter te word, maar verdien daarmee saam ook 'n hoop geld. Terwyl jy 'n kollega van hom kan kry wat net dokter geword het vir die geld.

Wie is die gelukkigste? Al twee het meer as genoeg geld, maar wie kry werklik werksbevreëdiging en wie raak gou geïrriteerd met 'n pasiënt?

Geld bring dus sekere voordele maar ook verantwoordelikehede. Hoe spandeer jy die geld? Alles net vir jouself of gee jy God ook sy regverdige deel? Geld kan nie jou saligheid koop nie. Soos Psalm 49:11 sê: Jy kan jou geld nie saamvat in die doderyk nie.

God kan jou seën met geld, maar maak seker dat jy by God belê en nie by mense nie. Wanneer jy met genoeg geld geseën word, móét jy ook daarvan geniet! Dit is ook 'n gawe van God. Maar daarmee saam kom die verantwoordelikeheid. God vra ook rekenskap van ons as dit by geldsake kom.

Die wêreld rondom ons is geldbehep en ons word so gou saam in die draaikolk ingetrek. Dis dan wanneer jy jou medegelowiges nodig het, sodat ons mekaar kan ondersteun en reghelp waar nodig. Slegs by God is daar ewige geluk en lewe.

Dit is goed om oor sulke ding na te dink, want dit is 'n valstrik wat die duiwel daagliks voor ons voete stel.

Sterkte met julle eksamens en *swottings* hierdie jaar.

# IS EK 'BETER' AS MY NAASTE?

'n Beroemde prediker trek deur die land, baie mense kom luister na hom. Hy verkondig aan hulle die 'ware verlossing'. "Koop hierdie aflaat en laat jou en jou geliefdes se toekomst in die hemel seker wees..." Jy kan deur 'n klomp geld te betaal direk in die hemel kom. Deur 'n volle aflaat te koop, ontvang jy volle vergewing van al jou sondes. Klink amper soos die nagmaalsformulier, nê? "*Die brood wat ons breek is die liggaam van Christus wat vir ons gebreek is tot 'n volkome versoening van al ons sondes*"

Nie Christus nie, maar geld word hier deur Tetzal as die voorspraak by die Vader verkondig!

'n Getroue gelowige stap deur die straat en kom verby die hoerebuurt en dink: "Die arme vroue, maar voordat ek myself daartoe sal verneder! Nee, gelukkig is ek betrokke by die kerk. Ek gaan vereniging toe, woon elke Sondag twee kerkdienste by, met my gaan dit baie beter."

Ja, met ons as Christene gaan dit baie goed. Maar nie omdat ons geen hoere of dronkaards is nie, maar omdat God ons uitverkies het. En omdat Jesus ons voorspraak by die Vader is en ons so vrypleit van al die sondes wat ons gedoen het. Nie deur geld of goeie daade nie, maar deur genade !!!

Baie keer is daar by ons die neiging tot die bekende *gearriveerde houding*, nie bewus nie, maar tog...

Baie keer as ons in 'n gesprek met iemand anders van 'n ander kerk is en daar word vrae gevra weet ons nie wat ons moet antwoord nie, want ons het net altyd aanvaar dat wat ons glo reg is. Maar ons het nooit verder oor die dinge nagedink nie en argumente gaan soek hoekom dit reg is en hoekom ander mense miskien iets anders daaromtrent glo. Dit belemmer baie keer ons vermoë om na buitentoe te evangeliseer, want sodra hulle met vrae kom oor hoekom ons sekere dinge glo, staan ons met 'n mond vol tande en nie die regte woorde nie.

Ons moet besef dat ons niks beter is as ander mense om ons nie. Ek weet julle het dit seker al honderd keer gehoor. Maar dink jy nie baie keer: *dit sou ek nou nooit gedoen het nie?* Heel waarskynlik sou jy dit wel gedoen het as Christus nie vir jou sondes gesterf het en jou uitverkies het nie !!


Ek dink nie ons besef altyd hoe bevoorreg ons eintlik is nie. Ons het 'n Vader wat na Sy Seun se pleitende stem luister en ons al ons sondes vergewe as ons opreg berou daarvoor het. Hy luister nie na geld of goeie daade nie, want ons sou nooit genoeg van die twee dinge kan gee of doen om in die hemel te kom nie! Laat ons dan bewus wees van ons voorreg en ons dankbaarheid uitlewe en nie net ons voorreg aanvaar en bly sit nie!

---

## ONS GEBED

As ons bid, dan praat ons met God. Ons gaan die hemelse heiligdom binne. Ons praat met Hom, ja, met Homself. Op grond van die belofte wat Hy self vir ons gegee het, het ons 'n vaste vertrouwe dat Hy vir ons luister. So geweldig wonderlik is die gebed.

Dit is duidelik dat gebed nie alleen deur God hoog geag word nie, maar dat ons beveel word om op hierdie wyse persoonlik met Hom te kommunikeer. En watter voorreg is dit nie! Het jy al goed nagedink oor die aard van hierdie gawe wat die Almagtige aan ons gegee het? Ons het nie nodig om 'n afspraak te maak om sy aandag te kry nie. Daar is geen administratiewe assistent of sekretaresse met wie ons moet onderhandel nie. Hy verskuif ons nooit na 'n later datum omdat sy program te vol is nie.



Inteendeel. Ons word genooi om te eniger tyd met vrymoedigheid sy teenwoordigheid te betree, dag of nag. Hy hoor die flouste geroep van die siekes, die eensames, die verstoteling van die wêreld. Hy ken elkeen van ons en het elkeen lief, ten spyte van ons foute en gebreke. Waarlik, die uitnodiging om te bid is 'n kosbare uitdrukking van die Skepper se weergalose liefde en erbarming vir die mensdom.

Hierdie begrip is sedert my vroegste jare reeds in die struktuur van my lewe en gesin ingeweeft.

Een van die beloftes van die Here wat ons moet lees, sonder om dit eimagtig na ons toe te trek, is as die Here Jesus ons verseker: "Bid en vir u sal gegee word", - wat sal ons dan gegee word?

In Mattheus 5,6 en 7 - die bergpredikasie, leer die Here Jesus sy dissipels dat hulle die sout van die aarde is, die lig van die

wêreld. Dit is heelwat. Dit beteken: hulle moet die hele wet onderhou: nie doodslaan nie; nie egbreuk pleeg nie; die oog uitruk of die hand afkap as dit nodig is; jou ede aan die Here hou; jou vyand liefhê; geen eer soek by mense nie; in jou gebede moet die Vader altyd in die sentrum geplaas word; moet jy al jou heil alleen van Hom verwag; nie besorg wees nie en nie oordeel nie. Dit is wel 'n baie nou poort waardeur ons moet ingaan.

Dan wys die Here Jesus vir die dissipels – en vir ons – die weg van die gebed. Langs dié weg sal die Vader ons *alles* gee wat ons van Hom bid, om dissipels van Hom te wees. Dit alles ontvang ons as ons vir Hom bid. Ook as daar innige wense on vervuld moet bly, dan ontvang ons Hom as ons deel. Dan mag ons pleit op sy versoenende werk.

(Uittreksel uit: *Reik na môre* - Dr. James Dobson)

**Voel jy ook so?**

## CHRISTUS IN DIE HOOGGEREGSHOF

Chris Stolper

Was jy al ooit in die hof? Het jy al ooit hofverrigtinge op televisie gevolg? Weet jy wat die verskil is tussen 'n distrikshof en 'n hooggeregshof? Weet jy van aanklaers en advokate?

'n Hooggeregshof is die hof wat “groter”, meer publieke sake hanteer; 'n “kleiner” hof hanteer meer onbenullige sake en is 'n distrikshof.

Ek wil jou vertel van die dag toe ek in die hooggeregshof was. Nie as toeskouer nie, nee, as aangeklaagde! Ek is van onder uit die selle opgebring na die hofsaal, onder streng bewaking. Ek moes plaasneem in die aangeklaagde bank!

Die hofverrigtinge het begin toe die regter sy verskyning gemaak het en almal uit eerbied en respek vir hom moes staan. Hy het bo die in die middel van die saal gaan sit. Die aanklaer het opgestaan en al die beskuldigings teen my voorgelees: Ek het alle landswette oortree en was volgens sy verslag selfs nie in staat om een daarvan te hou nie.

Ek het verskeie moorde gepleeg, gelieg en bedrieg so ver as wat ek gegaan het, ek het volgens my luste ander mense leed aangedoen, myself verryk ten koste van ander, die regering ingedoen deur verkeerde belasting opgawes, ek het ... ek het ...

Die aanklaer het my met geslepe ogies aangegluur, terwyl hy al die oortredings die een na die ander, met oordrewe aksentuering voorgelees het. Hy was daarop uit om my skuldig te laat verklaar. Sy wange het gegloei van pure lekkerkry.

En ek? Wat het ek gehad om myself te verdedig? Was al hierdie aantygings nie waar nie? Kon ek nie self die lys van aanklagtes nog heelwat langer gemaak het nie? My gedagtes het teruggegaan na die spesifieke oomblikke. Ek het altyd ander gehaat en verag. Ek het mense vermoor om hulle geld. Ek was nie betroubaar nie, 'n leuenaar en bedrieër, 'n krimineel in hart en niere. Pornografiese materiaal daaglik verslind. Ek het vroumense misbruik vir my eie bevrediging. Ek het hulle daarna verstoot, ja, 'n

paar selfs doodgemaak as hulle lastig geraak het. Ek het nooit simpatie vir swakkes, siekes en bejaardes gehad nie en die siek ou man die dag in die straat doodgeskop. Niemand sou in my pad gestaan het nie. My eie naam en eer, dit geld vir my. My geld, goed en roem ...



Trane het agter my ooglede gebrand. Selfverwyf? Hartseer? Skuldgevoel? Nee, beslis nie dit nie. Dit nooit nie! Ek het die hele spul mense gehaat! Die regter met sy strak gesig. Die aanklaer met die venynige trek om sy mond. Die ander oë wat op my gerig was. Ek het hulle gehaat wat my soos 'n vasgekeerde dier laat sit het. Wat my met hulle oë veroordeel het. Met hulle blikke vasgepen het.

Die regter het keel skoongemaak. Daar was 'n doodse stilte. Ek het geweet wat my straf sou wees: lewenslange gevangenisstraf, lyfstraf, dwangarbeid, honger, dors, pyn, eensaamheid, ellende op ellende. Hy sou seker oordeel dat my lewe te kort sou wees om vir alles te boet. Vir die straf wat ek verdien.

Ek het die regter aangegluur. Daar was angs in my hart. Selfbejammering. Die res van my lewe in 'n donker sel? Alleen? Die res van my lewe honger en dors? Uitgeteer en siek van my ellende en eensaamheid. Vasgekeer in 'n hok van tralies? Ek het nie weer gedurf om op te kyk nie; in ysige stilte vir die veroordeling gewag.

Maar wat was dit nou? Iemand anders het gepraat! 'n Man het opgestaan. Hy staan voor die regter! Sy warm stem het die hele saal gevul. 'n Afwagende stilte het geheers. Het ek reg gehoor? Kon dit waar

wees? Het H alreeds my straf gedra? Die ellendige eensaamheid, angs, honger, pyn en ... Het Hy alle wette gehoorsaam? Is Hy bereid om my vrotsigheid en skuld met sy heiligheid te bedek?

Hierdie advokaat is Christus. Dit is Hy wat vir my en jou in God se hooggeregshof dien! Hy het Homself gegee, opgeoffer om in ons plek die straf te dra. In ons plek die hel ingegaan. Hy was (is) bereid om Borg te staan vir jou en my, terwyl ons Hom van nature haat. Terwyl ons van onself geen enkele skuldgevoelens het nie, was (is) Hy nogtans bereid om ons advokaat te wees. Hy herstel ons verhouding met die regter: God.

### **Is ons dus regverdig voor God, en wat beteken dit om regverdig voor God te wees?**

Die woord regverdig beteken om heilig, onskuldig en onbesmet te wees. Ook is dit iemand wat homself afskei van die sondaars. Jesus Christus het in die letterlike sin van die woord aan al hierdie vereistes voldoen (Hebr. 7:26). En ons dan? Slegs deur 'n ware geloof in Christus kan ons hieraan voldoen.

Ons kyk nou na die volgende tekste om die woord regverdig te verstaan in die verskillende kontekste waarin dit gebruik word:

- *want jou het ek regverdig bevind voor my aangesig in hierdie geslag (Gen.7:1).*
- *want niemand wat leef is voor u aangesig regverdig nie (Ps 143:2).*

Hoe verstaan ons die twee tekste en nog baie ander soortgelyke tekste wat klink asof hulle mekaar weerspreek? Deurdat ons ons nietigheid verstaan, sal ons sien dat die twee tekste mekaar ondersteun. Dit gaan daaroor, dat ons slegs regverdig voor God is, omdat ons deur Christus geregverdig is. In Psalm 143:2 praat Dawid van 'n mens wat God nie ken nie en dus op homself aangewese is. In teenstelling hiermee sê God dat Noag 'n regverdige man was, nie omdat hy self so goed was nie, maar omdat hy vrugte van geloof vertoon het.

Christus het aan die kruishout ons skuld vir ons betaal. Dit is nie sommer net 'n feit wat ons elke nou en dan weer hoor nie. Nee, dit het 'n gevolg: glo ons werklik in God of nie? Ons sal nooit al die eienskappe van 'n regverdige mens kan naleef nie. Wie van ons kan sê dat ons onbesmet is? Niemand nie! Wat beteken dit eintlik as ons sê dat Christus vir ons tekortkominge betaal het? Dit beteken dat ons vrygespreek is van die straf wat ons eintlik moet ontvang, omdat ons sondaars is. As ons werklik

daarna strewe om ons lewe te versier met goeie werke, en ons vra telkemale met opregte berou vir vergewing van ons sondes, dan mag ons weet dat ons regverdig is voor God. Dit het God reeds in die ou seremoniële wette laat afbeeld.

Die man wat in die hof a.g.v. Christus se werk vrygespreek is, is 'n voorbeeld van hoe ons in Christus geregverdig is. Jesus Christus het reeds lank tevore sy kinders uitverkies om hulle te regverdig voor God. Vir hulle het Hy aan die kruis die groot versoenende offer gebring en Hy tree elke dag as Borg vir ons in by die Vader. Hy werk ook die saligmakende geloof.

Christus is deur God self as Middelaar en Borg gegee! Dit is Hy wat elke dag vir ons intree by die Vader. Christus wil my en jou ellende en verdorwenheid bedek met sy bloed wat eens op Golgota vir ons gestort is. Hy wil ons heilig en bekwaam maak tot goeie werke sodat ons nou reeds salig mag lewe!

Job wat so vroom en opreg gelewe het, is vanuit homself niks beter as ons nie. Ons kan nie ons manier van lewe direk met syne vergelyk nie. Ons kan wel weet dat ons ook vandag nog baie naby aan Hom kan lewe. Deur die Heilige Gees kan elkeen van ons ook vandag nog so naby aan die Here leef as ons die heeldag besig is met die Here en sy eer.

Laat ons daarom die woorde van Openb. 22:11 onthou, en daarna strewe.

*...en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word.*

Ons sien dus dat ons deur die Heilige Gees wat in ons werk, regverdig kan wees voor God. Voor die grondlegging van die wêreld het God alreeds besluit aan wie Hy eendag die regverdigmakende geloof gaan skenk (DL hf.2 par.8).

Daar is tye waarin ek baie gretig is om die Woord te hoor. Daar is egter ook tye waarin my geloof swak is, wanneer ek nie so ontvanklik is nie. As ek waarlik die Here liefhet en Hom bly soek in moeilike tye, dan maak my swakheid my nie minder regverdig voor God nie.

Sal ons dan nie deur die geloof hierdie Jesus Christus en al sy weldade omhels nie?

Sal ons dan nie 'n lewe uit dankbaarheid tot eer van Hom lewe, die sonde haat en daarvan wegvlug nie?

Sal ons dan nie daarna soek om in alles te doen wat hierdie God van ons vra nie?



# IN DIE WÊRELD, NIE VAN DIE WÊRELD NIE

Ek het uit vrye wil besluit om hierdie artikel te skryf, al klaar iets wat nie gou onder ons jeug sal gebeur nie, wat nogal jammer is. Die onderwerp is baie wyd en hou vir my baie in. Om as Christene vandag ons Christenskap uit te leef, om 'n voorbeeld vir almal te wees, die troos wat dit bring en die moeites wat ons daardeur te beurt val ens. Maar veral vir ons jeug wat ons jonkwees moet geniet maar ook met 'n waarskuwing en wat dit vir ons saam beteken en nie net wat dit vir jou beteken nie.

Dominee het 'n tyd terug gepreek oor Prediker 11 wat spesifiek daarvoor gegaan het. Dit het my aan die dink gesit en my diep getref omdat dit my baie aangespreek het. Iets wat ek baie van Ds. Viljoen se preke hou. Ek het self laas jaar deur 'n moeilike periode gegaan waar ek drooggemaak het en my geloof afgestomp het. Dit is alles aangebring deur 'n verslapping in Bybelstudie ens. en 'n algemene slap houding. Ek het net myself om daarvoor te beskuldig en as ek terugdink kan ek nie verstaan hoe ek so iets toegelaat het nie. Ek kan net in verwondering God dank dat Hy genadig en vergewend is en my voet gekeer het vir die finale wankeling voor die val.

Prediker spreek eers in hfst. 11 die jeug direk aan, maar hy het ons al van die begin van sy boek al op die oog. Dus is dit nie net hfst. 11 waarna ons moet luister nie, maar die hele boek (en dit geld natuurlik ook vir die hele Bybel netso). Ons is gou geneig om na so 'n deel uit die Bybel meer te luister as die hele Bybel omdat dit ons direk aanspreek. Ons kan mos nie net 'n paar van God se eienskappe en reëls lees en die res langs die kant laat lê nie, dan is ons mos met eiewillige godsdiens besig!

In vers 9 sê hy nie net so terloops die jeug kan maar doen wat hul hartjies bly maak nie. Dus enigiets nie... Nee, hy weet dat ons wat lewe tot eer van God ons harte gereinig het en uit dankbaarheid en liefde met genot die lewe van 'n Christen lewe met die einddoel in sig. Dit, deur die Heilige Gees se

werking, het ons denke en siening op die lewe, en op hoe ons ons jeug geniet verander.

Daarom dat die liefderyke waarskuwing in vers 9 volg: "...maar moenie vergeet dat God van jou rekenskap sal eis oor alles nie". In geloof geniet ons die lewe saam met God en kry genot en plesier daaruit om Hom te loof en prys en na Hom te luister en natuurlik vrugte van sy Gees te dra!

Natuurlik mag ons die lewe hier op aarde geniet! God het immers vir ons 'n aarde geskep waar ons plesier van mag hê. Terselfdetyd het sonde ons en die wêreld aangetas. Ons kan nogtans met God se beskermende hand die lewe geniet, maar ons moet oppas. Satan val ons om elke hoek en draai aan soos die brullende leeu wat hy is. Laat ons dus nie verslap nie maar waaksaam en met die oop oë van die geloof deur die lewe (van plesier ook) loop.

Die laaste punt wat ek wil aanraak is ons lewe as gemeenskap van die Heiliges, veral onder die jeug. Ons weet hoogs waarskynlik van al die bogenoemde dinge en knik hard ons kop as ons dit lees. Ongelukkig is ons swak en deurdring van die sonde en dwaal ons soms van die pad af. Wat nou? Dis waar die gemeenskap van die heiliges in kom. Ons moet op mekaar let. Met liefde na mekaar omsien. Dis waar ons almal tekort kom, ek ingesluit. Toe ek vir 'n paar van my vriende vertel van my swak afgelope jaar het hulle verbaas gestaan. Hoe kan dit? Ons het niks aan jou gemerk nie?

Is ons genoeg ingestel op mekaar? Of is ons al afgestomp en lewe ons almal in 'n grys area tussen geloof en ongeloof en kan ons nie meer die verskil by mekaar agterkom nie? In Efesiërs 4 lê Paulus nadruk daarop dat ons een liggaam is en mekaar nodig het. Ons kan nie sonder een lid klaar kom nie! Ons moet mekaar dus vermaan, liefhê, versorg, vertrous en bemoedig. Sodat ons saam staande mag bly in die Geloof en as jeug, wat werklik in die wêreld en nie van die wêreld is nie.

Bekommerde jeuglid.

**Sosiaal**

## DEUR DIE SLEUTELGAT

In die afgelope maand of wat was daar weer aansienlike aktiwiteit op die Kaap se sosiale front. Daarom is daar weereens heelwat sappige skinderpraatjies wat ek met julle kan deel.

Omdat my geheue my so af en toe liederlik faal wanneer ek dit die nodigste het, het ek maar eers gaan sit en 'n lys opgestel van presies wat alles

gebeur het. Nou kan ek darem soos enige goed georganiseerde mens noukeurig en ordelik aan julle verslag doen omtrent die jongste verwikkelinge. Alhoewel mense wat my goed ken, met julle sal saamstem dat terme soos 'georganiseerd' en 'ordelik' slegs met moeite aan my persoon gekoppel kan word. Maar dis nie waaroor ek wou uitbrei nie.

Heel eerste, en ook 'n geleentheid wat niemand van ons sommerso sal vergeet nie, was die inwyding van ons ongelooflike mooi, nuwe orrel. Omdat sy juis in hierdie bedryf is, het Sonja ons asems kom wegslaan met haar orrelspel. Kyk, dame, ons het geweet jy mag maar, maar ek vir een, het nie gedink 'n mens kan soiets uit 'n paar pype en 'n *keyboard* kry nie. Vergeef my my leketaal. Na die verrigtinge in die kerk het die Jeug eers bietjie gaan kuier in Mugg&Bean in Tygervallei - altyd 'n treffer as gevolg van hulle *bottomless coffees on the go*.

Dan was daar natuurlik weer die klassieke verhaal van die kat wat weg was en die skielik braaf geworde muis wat die huis op stelte gesit het. In hierdie geval gaan die muis by die naam van Ilse, en sy het die hele Jeug uitgenooi vir 'n braai by haar ma-hulle se huis. Soos altyd het hierdie okkasie weer met die nodige vrolikheid en vreetsaamheid gepaard gegaan.

In die afgelope paar weke het ons ook 'n paar verjaarsdae gehad. Carien het haar 19de jaar op 'n vrolike noot afgesluit, en pak nou vol moed die 20ste aan. En dan het ons op die verjaarsdaglys ook 'n kandidaat vir 'n *21st-party* gehad. Corrien, ek hoop jy het die dag geniet, en saam met die res van die Jeug wens ek altwee van julle God se rykste seën toe. Mag daar vir julle altwee nog vele jare wees.

Omdat die VGK Kaapstad op die 2de Maart sy 50ste verjaarsdag gevier het, is daar 'n groot geselligheid by die kerk gereël in die vorm van 'n gemeente-ete. Die geselligheid ontaard toe vir ons jongelinge in 'n fees toe ons ons broeders van oor die Vaal, Hans en Martyn, onverwags ook raakloop. Die dag het verby gegaan onder lekker kos, klets, eet, drink, kuier en kos. O, en kos natuurlik.

Ons Jeugverenigings het na 'n lang en oormatig uitgerekte sloerfase - herken julle die intelligente Biologie terme? - darem ook weer afgeskop, en

Lieneke en suster Annamarie het gesorg daarvoor dat die voorstudiemateriaal ons aandag boei. Ek reken die hele Jeug is julle dankbaar vir julle moeite, dames. Maar daar was 'n hele paar haakplekke, en die een wat ons meeste ontstig het, was natuurlik die afwesigheid van 'n koekrooster. 'n Vereniging sonder koek is soos 'n Kaapse koffiedrink sonder wyn - iets waaraan mens liever nie wil dink nie. Gelukkig is daar by die ter perse gaan van hierdie uitgawe lank reeds iets aan die saak gedoen en het die rus darem weer gekeer onder die geleedere van die Jeug.

Ons moes ook vir 'n paar maande lank afskeid neem van Riana. Sy soek die groener weivelde van Londen, by Magdel en Morné, op tot omtrent Julie toe. Wat van Magda gaan word in hierdie eensame maande, sal ons net kan raai, maar luidens berigte is die twee dames die ou wat sms'e uitgedink het inniglik dankbaar vir sy breinkrag, nou meer as ooit tevore.

Dan was daar natuurlik die Saterdagavond dat ons weer die sand van ons gunsteling *beach*, Clifton, gaan opsoek het. Kyk, met weer soos ons die afgelope weke hier in die Kaap beleef, is dit doodeenvoudig 'n skande as jy nie die see gaan opsoek nie. Al is dit nou, soos ons dit doen, in die nagtelike ure van die dag. Daar was oudergewoonte weer romantiese kerslig, lekker goetertjies om te *chau*, en goeie geselskap teenwoordig om die aand besonders te maak. Mens kan maar net dankbaar wees vir ouens soos Ewart wat graag sulke *outings organize*.

Maar hiermee kom ek weereens aan die einde van my verhaal. Dit gaan julle goed, nuuskierige broeders en susters, mede sleutelgatkoekeloeders, tot 'n volgende keer.

Julle immer waarheidsgetroue  
Sleutelgat-loerder



---

## VOETSPORE

Die herfs is besig om deur te skemer deur al die euforiese somersotheid. Nee, dis nie die daaglikse weervoorspelling van Nicky ("ons is lief vir jou, Nicky") op Radio Sonder Grense nie, nee, dis gewoon die maandelikse artikel oor allerhande sosiale dinge wat op die VGK jeug se kalender is. Behalwe dat dit dan ook regtig herfs is, sien 'n mens die herfsigheid ook aan die gebeurtenisse van die afgelope maand of wat. Goed, ja, daar het wel iets gebeur, maar nie soveel dat hierdie artikel nou enigsins sal neig na 'n volwaardige 1000-woord artikel nie.

*Niet zeuren*, soos menige ma's wel meerdere male vir sommiges van ons sê, daar het regtig wel 'n paar dinge gebeur. Nie altyd ewe aangenaam nie, want let op: 'n paar mense het ons nou verlaat. Martin en Rinus Kamphuis is vir (hopelik 'n kort) tyd na Nederland, en ons *party-beest*, Voël (Martyn), is Engeland toe. Dit het nou al 'n tydjie terug plaasgevind, want teen die tyd dat die leser hierdie artikel onder oë kry, is Martin dalk 'n gevestigde sokkernaam by die Koninklijke Nederlandsche Voetbal Bond, en saam met broertje Rinus waarskynlik ook al spierwit en vet as gevolg van 'n tekort aan sonlig en 'n oorvloed aan krokette, haring

en drop. Voël se hare is in lengte waarskynlik nog aansienliker as toe hy weggegaan het en heel Engeland leef waarskynlik gebuk onder die Voëlrigheid wat op hulle neergeslaan het. Dus as die leser nie op die geskikte tyd baie wakker was nie en hulle nog wil groet, dit sal dan helaas oor e-mail gedoen moet word. *Die Olielamp* sê egter nou sommer al vir die drie pioniers baie sterkte en ons hoop om julle weer eendag hier te sien!

Die laaste tyd trou daar ook 'n aansienlike aantal mense. Om nou almal op te noem sal soos 'n geslagsregister uit een van die boeke van Moses klink, en daarom word daar maar 'n heel onpersoonlike, maar wel hartlike gelukwensing vir alle paartjies gegee: Baie geluk, almal!

So nou en dan is daar ook wel gesosialiseer by die jeug, en daar is dan selfs nog 'n nuttige wending aan gegee: die Studentevereniging het 'n geleentheid gereël waarby die jeug 'n naweek by die plaas van Acko en Nini van der Sluis deurgebring het. Tussendeur alle gekuier is daar dan ook nog verenig deur die studente: 'n lesing is gelewer oor 'Human

activity and climate change'. Die *speech* het heeltemal uit Amerika gekom, want oom Roelof Brintjies (klink nou nie so erg Amerikaans nie, maar dit is tog wel) het dit gelewer. Dankie, oom Roelof!

Verder was die jeug nog nuttig ook (*wow!*), of was dit nou A&J Plastiek wat nuttig was? Want die jeug mog *stocktaking* doen by laasgenoemde en daardeur is daar heelwat geld ingesamel. Tydens die werk het tante Antje Pouwels nog krokette kom bring ook, wat natuurlik wel die dag 'n ekstra pluspuntjie gegee het. So sien 'n mens maar, Rinus en Martin, jy hoef nie Nederland toe te gaan om lekker te eet nie...

Intussen hoor 'n mens hier en daar wel van allerhande planne wat die jeug nog wil doen, maar dit is alles net toekomsmusiek. Of alles so sal gebeur: volgende keer, "selfde tyd, selfde sender"! (En hier word die begin van die artikel met die einde gekoppel, en nogal deur middel van RSG).

Tot die volgende keer,  
Voetspoor




## Boeke

# BY DIE LÊPLEK VAN DIE LEEUS ~ LOUISE PRINSLOO

Karina Smit

Duduzile Nyembezi is 'n swart meisie wat keuring kry vir die studie arbeidsterapie. Sy is uitbundig bly daarvoor, maar direk is daar ook die bekommernis oor waar die geld vandaan sal kom. Die hele gemeenskap help haar om genoeg geld bymekaar te kry en sy is gereed om te gaan. Sy skryf in by die universiteit, maar moet hoor dat sy nie blyplek het nie omdat niemand vir haar laat weet het dat sy moet aansoek doen vir 'n kamer in die koshuis nie. Sy slaap die nag in 'n parkie waar haar karos gesteel word. Terug by die universiteit ontmoet sy Lydia Visser by wie sy dan ook verblyf kry.

Lydia Visser is 'n blanke meisie wat ook keuring gekry het vir arbeidsterapie. Haar pa is betrokke by die universiteit en sy het geen probleem om die gelde te betaal nie. Sy het ook haar eie motor.



Probleme ontstaan. Ouma Magrieta is baie gesteld op haar boere-afkoms en kan glad nie aanvaar dat Duduzile by hulle intrek nie. Die Vissers se bediende kan nie aanvaar dat Duduzile in die huis mag slaap nie. Duduzile sukkel in haar studie om met die skeletbene te werk omdat die geeste van die bene kwaad kan word.

Twee verskillende kulture en agtergronde word bymekaar gebring. Saam moet die twee meisies worstel om mekaar te aanvaar. Maar aan die einde kom die aanvaarding wel.

Dit is nie onmoontlik om twee verskillende kulture bymekaar te bring nie. Daar moet egter wel moeite gedoen word van beide kante af om mekaar te leer ken en verstaan. Ons moet ook egter besef hoe bevoorreg ons is en nie sommer alles as vanselfsprekend aanvaar nie.

*Nog iets*

# GEDIG: DANK GOD VIR ALLES WAT HY GEE

Willemien

*Loof die HERE, want Hy is goed, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid (Psalm 136:1).*

Omtrent 'n maand terug was dit Dankdag (*Thanksgiving*). Ons het weereens stilgestaan by God se gawes en voorsiening. Ons vergeet dit so maklik. Maar God is heelyd besig om vir ons te sorg. Hy skenk alles wat ons vir liggaam en siel nodig het, in oorvloed. Hy gee familie, vriende, werk, kos en klere. Hy laat die son skyn, Hy laat dit reën. Hy bestuur ook die geskiedenis deur sy goedertierenheid. Kyk net na Psalm 136. Helen Steiner Rice het ook God se goedheid raakgesien en die volgende gedig is haar reaksie daarop. Laat ons saam met haar God dank vir sy goedheid ook in ons lewe.

## THANK YOU, GOD, FOR EVERYTHING

Thank You, God, for everything,  
the big things and the small,  
For every good gift comes from God,  
the Giver of them all,  
And all too often we accept  
without any thanks or praise  
The gifts God sends as blessings  
each day in many ways.

Thank You for the miracles  
we are much to blind to see,  
And give us new awareness  
of our many gifts from Thee,  
And help us to remember  
that the key to life and living  
Is to make each prayer a prayer of thanks  
and every day Thanksgiving.

Helen Steiner Rice

## VERJAARSDAE

### Johannesburg

Leo Boessenkool 23-Apr

### Kaapstad

Ingrid Byker 13-Apr  
Maartje Eefting 19-Apr  
Alfred Haak 24-Apr  
Erik-Jan Moes 16-Mei  
Karen Douma 19-Mei  
Jacques Kilian 20-Mei  
Marco Zielman 22-Mei  
Anita Drijfhout 23-Mei

### Maranata

Gerrit Kamphuis 7-Apr  
Hermien Bijker 15-Apr  
Irma Boon 20-Apr  
Jessica Kampman 21-Apr  
Herman de Jager 25-Apr  
Janneke de Vries 30-Apr  
Berend de Jager 3-Mei

Frans Hagg 11-Mei  
Irmarië Bosman 11-Mei  
Monika Kampman 12-Mei  
Floris Visser 17-Mei  
Arnold van den Bout 27-Mei

### Pretoria

Monique Bosker 4-Apr  
Jeannette Bekker 8-Apr  
Petra Ros 14-Apr  
Annelie Hagg 20-Apr  
Ranko Agema 23-Apr  
Karina Smit 25-Apr  
Nicolas Kleyn 26-Apr  
Wieger van der Veen 3-Mei  
Reinhart Buenk 9-Mei  
Jacqueline Zielman 12-Mei  
Willemien Kleyn 15-Mei  
Naomi Schuring 15-Mei  
Anja Smit 18-Mei  
Christelle Bosker 30-Mei

**Sperdatum vir die volgende uitgawe:**

27 April 2002